LIBERTY
Own your life

# Stygende oliepryse beïnvloed ekonomiese groei

## Wêreldwye ekonomiese nuus: Mei 2011

**Deur Kevin Lings & Laura Jones, STANLIB ekonome**

Namate die olieprys styg tot bokant $100 per vat, is daar groeiende kommer oor die uitwerking wat dit op wêreldwye ekonomiese groei sal hê.

Ontwrigting in die Midde-Ooste, die aardbewing in Japan en huidige stygende oliepryse skep onstabiliteit in herstellende markte.

### Uitwerking van olieprys op ekonomiese groei

Die jongste Internasionale Monetêre Fonds (IMF)-verslag se slotsom is dat indien oliepryse op sowat $100 per vat gehou word, die uitwerking op die wêreldwye ekonomie waarskynlik relatief matig sal wees. Oliepryse van hoër as $100 per vat sal die wêreldwye ekonomie begin knou.

Die stygings in energiepryse is tot dusver kleiner as in die verlede. Vir die jaar tot op datum het die olieprys met 19.25% toegeneem deurdat pryse van $95 per vat tot meer as $113 per vat gestyg het. Volgens die IMF is ‘n algemene riglyn dat ‘n 10%-verhoging in die olieprys die uitwerking het dat die wêreldwye BBP-groei met tussen 0.2% en 0.3% daal.

Volg ‘n mens hierdie riglyn, dan sal die jaar-tot-jaar styging van sowat 20% in die olieprys tot gevolg hê dat die wêreldwye BBP met tussen 0.4% en 0.6% daal. Hoër oliepryse sal ook opwaartse druk op die inflasiekoers uitoefen.

### Japan se heropbou sal oliepryse aanblaas

Die natuurramp in Japan, wat die wêreld se derde grootste ekonomie is, sal uiteraard ‘n negatiewe uitwerking op sy ekonomiese groei hê, wat weer die wêreldwye vraag na olie kan beïnvloed. Japan voer op die oomblik 4.2 miljoen vate olie per dag in, maar dit kan drasties vermeerder namate daar gewerk word om die land se ekonomie te herstel.

### Inflasie-risiko’s

Ontwikkelende markte is meer vatbaar vir olieprysstygings en daarom sal ekonomieë soos China en Indië meer geneig wees om geraak te word as sommige gevorderde ekonomieë soos die VSA, omdat opkomende markte reeds hoër inflasiekoerse het. Olieprysstygings sal ‘n groter uitwerking in opkomende markte hê waar energie en voedsel meer gewig dra in hul inflasiemandjies.

Dit beteken egter nie dat gevorderde ekonomieë nie geraak sal word nie. Ontwikkelde ekonomieë soos die VK sukkel met hoë inflasiekoerse en swak ekonomiese groei en sal ongetwyfeld beïnvloed word. Dits sal lei tot nog swakker ekonomiese groei, wat bykomende opwaartse druk op inflasie sal plaas.

## Verbruikersbesteding kan afneem

Indien die olieprys op $100-plus bly, is daar ‘n werklike risiko dat die huidige verwagte tempo van wêreldwye ekonomiese herstel sal afneem.

Een van die vernaamste maniere waarop ‘n olieverskaffingskok groei kan skaad, is deur die uitwerking van energiepryse op die verbruiker. Verhoogde oliepryse stu inflasie, wat werklik besteebare inkomste verminder en tot ‘n daling in verbruikersbesteding lei.

As inflasie wêreldwyd opwaarts beur en groei daardeur geknou word, sal die styging in inflasie ‘n regstreekse en onmiddellike uitwerking op die verbruik van individue hê. Aangesien verbruik gewoonlik sowat 60% van die BBP uitmaak, sal die algehele uitwerking redelik dramaties wees.

## Vrees dryf die olieprys

Die bewegings in die olieprys is nie net ‘n funksie van vraag en aanbod nie, maar word soms ook deur vrees aangedryf. Die ‘vreesfaktor’ het gestalte gekry toe politieke onrus in Noord-Afrika en Tunisië uitgebreek en toe na die aangrensende Egipte en Libië oorgespoel het. Dit het basiese vraag en aanbod beïnvloed namate die olieproduksie begin afneem het.

Met dié dat die onrus al hoe nader aan die wêreld se grootste olieprodusent, Saoedi-Arabië, beweeg, is dit maklik om te verstaan hoekom die markte ongemak beleef.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*